

GEORGE SHELLEY/MASTERFILE/GREATSTOCK

JY SAL tog nie jou grootste bate in die wind en die weer laat staan en verweer nie. Dis presies wat jou huis is; bedek dit daarom met 'n vars verflaag binne en buite. Dit sal nie net die waarde van jou eiendom verhoog nie, dit is ook 'n bekostigbare manier om jou huis se voorkoms in 'n ommesientjie op te kikker.

Jy kan sommer self die verfwerk doen, maar daarvoor moet jy 'n bietjie vernuf aan die dag lê. Gaan loer gerus by jou naaste Cashbuild-handelaar in vir gratis raad en wenke oor hoe om jou verfprojek kostedoeltreffend aan te pak. Dis ook gerusstellend om te weet hulle kan jou help met al die verfbenodighede wat jy sal gebruik.

Maak seker dat jy die regte verf vir elke area in en om jou huis koop. Daar is hoofsaaklik twee soorte verf op die mark: dié met 'n waterbasis en 'n solventbasis.

Die PVA-akrielreeks met 'n waterbasis word algemeen gebruik vir binne- en buitemure en ook plafonne, terwyl die High Gloss- of Eggshell-emaljeverf met 'n solvent-basis ideaal is vir die badkamer- en kombuiswande, deure en afwerkings.

Die voordeel van verf met 'n waterbasis is dat dit vinnig droog word danksy vogverdamping en dit is heelwat makliker om skoon te maak nadat jy klaar gevef het. Maar dit het geen glans-afwerking soos verf met 'n solvent-basis nie en is ook nie so duursaam nie.

Moenie van jou gesondheid en veiligheid vergeet wanneer jy binnenshuis verf nie. Sorg vir voldoende ventilasie deur die vensters en deure wyd oop te laat nog voor jy die kwas die eerste keer in die verf druk.

GRYP DIE KWAS!

Cashbuild bied jou 'n uitgebreide reeks hoë-gehalte-verwe met sy eie handelsmerk wat 'n onvoorwaardelike vyfjaarlange kwaliteitswaarborg geniet.

Buite Cashbuild se akrieldakverf bied beskerming teen suurreën en uitmuntende weerstand teen UV-sonstrale en mos. Die mat af-

werking is ideaal vir alle soorte dakke – van sementteëls tot gegalvaniseerde staaloppervlakke. As jy al probleme met 'n lekkende dak ondervind het, is dit die beste om Cashbuild se waterdigting aan te wend voor jy die dak verf sodat jy seker kan wees jou mure en dak is verseël.

Gebruik Cashbuild se Super Acrylic PVA-reeks wat in standaard-kleure beskikbaar is vir jou binne- en buitemure en plafonne vir 'n sagte mat afwerking. **Binne** Cashbuild Velvet Sheen sorg vir 'n sysagte binne-afwerking vir slaapkamer-, gang-, sitkamer- en eetkamerwande.

Cashbuild Eggshell-emalje se duursame halfgladde afwerking is ideaal vir kombuis- en badkamerwande.

Gebruik Cashbuild Texguard, wat 'n buigsame mat afwerking verleen om fyn krakies te bedek wat dikwels in gepleisterde buitewande voorkom.

Cashbuild Timbercoat-houtvernis is 'n duursame binne- en buiteverf met ingeboude UV-

absorberende lippigmente en die glans-afwerking bied langdurige beskerming teen die elemente. Gebruik dit vir houtoppervlaktes soos deure, vensters en dennehoutplafonne.

Cashbuild High Gloss-emalje

MEER INLIGTING

Meet elke vertrek om uit te werk hoeveel verf jy nodig sal hê. Berekend dit deur die lengte van al die mure bymekaar te tel en dit dan met die hoogte – vanaf die vloer tot by die plafon gemeet – te vermenigvuldig. Dit gee jou die vierkante oppervlak.

Trek dan die grootte van die deure en vensters van hierdie totaal af en siedaar: Jy weet nou presies hoe groot die oppervlak is wat jy gaan verf. Oor die algemeen behoort jy sowat 4 liter verf per 106 m² vir 'n enkel-laag te gebruik. Jy sal 'n bietjie meer nodig hê vir die eerste verflaag op ongeveerde pleisterbord ("dry wall").

Stel 'n lysie op

is 'n duursame verf vir binne en buite met 'n hoë-glansafwerking. Dis net die regte ding vir deurramme en -vensterrame van staal, en ook vir hekke, kaste en meubels wat 'n behoorlike laag verf kort.

Al hierdie produkte bied 'n duursame afwerking, is ten volle wasbaar en bestand teen vlekke en vuilheid.

van alles wat jy vir jou verfwerk gaan nodig kry – van kwaste en rollers tot skoonmaakmiddels en beskermende vloer- en meubelbedekkings.

Berei die oppervlak voor deur enige los vlokkerigheid en verblasies met 'n skraperskuurpapier of staalborsel te verwyder. Bedek ook alle kaal kolle op die muur met 'n onderlaag voor jy begin verf.

Loer by jou naaste Cashbuild-winkel in of bel die Hulplyn by 0860-100-582 vir raad en nog inligting.

Splinternuut met 'n verflaag van Cashbuild

KIKKER
jou huis op

